# my taal

Afrikaans is 'n wyn
Vol rus en vrede
Oorlog en pyn
En hartseer
Van onvoltooide verlede tyd

Afrikaans is 'n wyn
Wat jou kan wakker soen
Met die woorde
Wonderlik
Bitterlief of
Spookasem

Afrikaans is 'n wyn
Wat jou laat praat
Van kyk noord
Gaan voort
Moenie weggaan nie
En
Jy is my hart se punt

Wyn wat jou kan laat baklei
Bron van gevloekery
En gebede
Afrikaans is 'n wyn
Met smaak
en rus en vrede

Stef Bos

Vol. V